**NUUSBRIEF No 2: Januarie 2016**

Daar is ‘n tyd om te kom en daar is ‘n tyd om te gaan. Jack van Dyk, wat sedert die stigting van die KAW in 1998 reeds aan die stuur van die KAW is, het nou versoek dat hy toegelaat word om uit te tree – hy sê dat sy geboortedatum hom nou ingehaal het! Niemand is onvervangbaar nie, en die Uitvoerende Komitee is dan ook baie bly om te kan aankondig dat ‘n baie bekwame opvolger in die persoon van die bekende Johan Hopkins se dienste bekom is vanaf 1 Maart 2016, aanvanklik deeltyds.

Johan het geen bekendstelling binne landboukringe nodig nie. Ná die verwerwing van sy graad in die Sosiale Wetenskappe aan US, het hy talle menslikehulpbron bestuursposisies in primêre en sekondêre landbou beklee, waartydens hy ook in 1998 ‘n stigterslid van die KAW geword het. Hy dien baie jare reeds op die KAW se UK as gekoöpteerde lid, waar hy en Jack baie nóú saamgewerk het. Ons het daarom geen twyfel dat die oorgang na hom baie glad sal verloop nie, en ons sien uit na ‘n vars benadering en nuwe hoogtepunte vir die KAW.

Johan was in 2001 ‘n stigterslid van die bekende HopkinsCalvert Genote. Noudat Johan die leisels by die KAW gaan oorneem sal Hopkins Calvert voortaan eksklusief net op werwing en opleiding fokus, met Johan wat by KAW alle arbeidskonsultasie namens die KAW en sy lede sal doen.

Die KAW se kantoor te Hoofstraat 57 (Grondvloer C15) in die Paarl, waar Ciske ook gesetel is, word nou KAW se hoof sentrum van aktiwiteit. Die volgende kontakbesonderhede bly voorlopig onveranderd:

Webblad: www.caeo.co.za
Johan selnr.: 083 675 3498
Johan e-pos: caeo@maxitec.co.za (vanaf 1 Maart 2106 – en sy ou adres bly geldig tot dan)
Ciske selnr.: 082 698 8216
Ciske e-pos:. caeo2@maxitec.co.za

**NEWSLETTER No2: January 2016**

There is a time to come and a time to go. Jack van Dyk, who led the CAEO since its inception in 1998, has now requested that he be allowed to retire - he claims that his date of birth has now caught up with him! Nobody is irreplaceable, and the EXCO is pleased to announce that the services a very capable successor has been secured with effect from 1st March 2016, initially part-time.

Johan does not require any introduction in agricultural circles. After completing his studies in Social Sciences at US, he held several human resource positions in the primary and secondary agriculture sectors, during which time he became a founding member of the CAEO in 1998. He has served many years on the CAEO’s EXCO as co-opted member, and worked closely with Jack. We therefore have no doubt that the transition to him will run smoothly, and we look forward to fresh approaches and new highlights for the CAEO.

In 2001 Johan was a founding member of the well-known HopkinsCalvert Associates. Now that Johan will be taking over the reins at CAEO, HopkinsCalvert will focus exclusively on recruitment and training, with Johan handling all labour consultation on behalf of the CAEO and its members.

The CAEO’s office at Main Street 57 (Ground Floor C15), Paarl, where Ciske is located, now becomes the CAEO’s main centre of activity. The following contact details remain unchanged for the time being:

Website: www.caeo.co.za
Johan cell no.; 083 675 3498
Johan e-mail: caeo@maxitec.co.za (from 1st March 2016 – his old email address remaining unchanged till then).
Ciske cell no.: 082 698 8216
Ciske e-mail: caeo2@maxitec.co.za